

Handels-Afrikaans

vir gebruik op

Tegniese Kolleges en Hoërskole

deur

EDM. BOTES, M.A.

en

J. A. K. DE LANGE, B.Econ.,

TWEDE VERBETERDE DRUK

5kb
439.368

L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

BOT

HANDELS-ONDERWYS

'n Reeks Handboeke

vir

Tegniese Kolleges en Hoërskole

HANDELS-AFRIKAANS

deur

EDM. BOTES en J. A. K. DE LANGE.



J. L. VAN SCHAİK, BEPK., PRETORIA.

Handels-Afrikaans

vir gebruik op

Tegniese Kolleges en Hoërskole

deur

EDM. BOTES, M.A.

(Dosent Pretoriase Tegniese Kollege.)

en

J. A. K. DE LANGE, B.Econ.,

(Hoof Voortsettingsklasse Pret. Tegn. Koll.)

TWEDE VERBETERDE DRUK.

Uitgewers:

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA.

1930

INHOUD.

	Bladsy.
Voorwoord	5
Inleiding	7
Hoofstuk.	Bladsy
I. Rededele	9
II. Sinontleding	16
III. Die Handelsreisiger; oor Wol en Klandiesie	28
IV. Algemeen	40
V. Advertensies; Bestuurders en Agente	46
VI. Algemeen	52
VII. Hersieningsoefeninge	65
VIII. Opsommings	73
IX. Moeiliker Oefeninge	94
X. Die Ekspediteur en Algemene Oefening	98
XI. Betaling van Rekenings	108
XII. Awery; Uit- en Invoerhandel	112
XIII. Algemene Oefeninge	120
XIV. Opstelle	128
XV. Spelling en Druk-proef Korreksies	135

KORRESPONDENSIE.

I. Vorm en Rangskikking van Handelsbriewe	147
II. Kenmerke van 'n Goeie Styl	157
III. Navrae, Vrywillige Aanbiedings, ens	160
IV. Bestellings	168
V. Aankoms van Sendings; Klagtes en Eise	181
VI. Geldsendings; Betalings; Maanbriewe	187
VII. Wissels en Rekenings-Koerant	194
VIII. Informasie oor die Stabiliteit en Reputasie van Firmas; Aanbevelings en Kredietbriewe	203
IX. Besonder en Algemene Diensaanbiedings; Omsendbriewe	209
X. Indeksering van Korrespondensie	217
XI. Mark en ander Rapporte	225

Byvoegsel.

I. Handels- en Vreemde Woorde en Uitdrukings; Afkortings	235, 254
II. Eksamenopgawes	260

VOORWOORD.

Aan alle kante merk ons vandag 'n merkwaardige ontwikkeling van ons taal, en veral op ander gebied as die meer bepaalde letterkundige. Afrikaans is besig sig 'n plek te verower in die handels- en ekonomiese lewe van die land, en die jong plant moet sorgvuldig gekweek en bewaak word teen allerhande invloede wat hom dreig om dit te verstik of te laat ontaard. En, waar 'n jong, ontwikkelde taal daarop uit is om wortel te vat in 'n nuwe veld, is dit die plig van die liefhebbers en bevorderaars daarvan om 'n baie helder en duidelike voorstelling te hê van wat hulle nastreef.

Daar is in hoofsaak drie maniere om 'n deeglike Afrikaanse handelstaal in die lewe te roep (en die drie maniere geld *mutatis mutandis* van Afrikaans in alle opsigte) nl.

1. deur eenvoudig die Nederlandse vorm oor te neem en in 'n Afrikaanse kled te steek;

2. deur 'n slaafse navolging en vertaling van die Engelse handelstaal;

3. deur die reeds bestaande Afrikaanse handelstaal as uitgangspunt te neem en dit verder op te bou, te ontwikkel en uit te brei ooreenkomstig die tiepies Afrikaanse taal-eie.

Vir die Afrikaner wat sy taal liefhet en dit ernstig meen met die ontwikkeling, veredeling en uitbreiding daarvan, kan alleen die laaste van die bo-aangehaalde maniere in aanmerking kom. Dit is tyd, dat Afrikaners hulle nie langer laat afskeep met gesinkopeerde Nederlands of klakkeloos vertaalde Engels nie, om van vertaalde slegte en "slang" Amerikaans nie eers te praat nie.

Aan die anderkant, egter, as ons nie genoeg wil neem met enige soort baster-taaltjie wat wil deurgaans vir Afrikaans nie, dan moet ons ook daarvoor sorg, dat betrou-

bare en deeglike leer- en handboeke beskikbaar gestel word vir die gerief van en raadpleging deur diegene wat die taal wil of moet gebruik.

Die skrywers van hierdie leerboeke doen pionierswerk vir Afrikaans as handelstaal en ek juig hulle ondernemingsgees van harte toe. Daar bestaan, sover my bekend is, nog geen Afrikaanse leerboeke vir handelskole nie. Hier het ons 'n ernstige en verdienstelike poging om in die behoefte te voorsien.

Nou glo ek wel nie, dat die handelstaal van enige land hom aan bande sal laat lê deur leerboeke nie, maar in elk geval het die leerlinge hier 'n veilige grondslag om op voort te bou. Die opstellers van die boek is albei manne van rype ervaring op onderwysgebied en ons kan dus aanneem, dat die leerboek ook, wat die rangskikking van die leerstof en die metode betref, in die haak is.

Om bogenoemde redes is dit my besonder aangenaam om die boek vir gebruik aan Tegniesekolleges, Handelsklasse en Hoërskole sowel as deur handelskringe in die algemeen sterk aan te beveel.

N. M. HOOGENHOUT.

INLEIDING.

As gevolg van die verbasende vooruitgang en ontwikkeling in ons eeu op elke gebied, en veral op handelsgebied in Suid-Afrika, tree die belangrikheid van handelskorrespondensie baie op die voorgrond. Die handelskorrespondensie van vandag verskil baie van die van 'n vyftig jaar gelede.

Die behoeftes van besighede vandag vereis 'n eenvoudige en noukeurige vorm van uitdrukking. Moderne handelskorrespondensie behoort kort en bondig te wees. Selfs die vroeër langdradige offisiële taal van regerings- outoriteite het plek gemaak vir 'n saakliker styl.

Die handelaar is baie maal verplig om sy toevlug tot briefwisseling te neem om nuwe betrekkings aan te knoop en te onderhou, om, in 'n paar woorde, sy sake te bevorder. Persoonlike aanraking met ander firmas en met klante is natuurlik verkiesliker as 'n brief, maar dit kan soms nie anders nie, want in ons dae veral is die spreekwoord waar: „Tyd is geld.” Besigheid, wat vroeër deur middel van 'n agent gedrywe is, word vandag baie keer deur middel van 'n brief of per telegram verrig, danksy die gereelde posdiens.

'n Handelskorrespondent moet ook algemene kennis en ervaring van besigheid besit, sowel as 'n gesonde begrip van die inhoud van 'n brief, beleid, 'n goeie styl en grondige kennis van die handelstaal.

Die doel van hierdie boek is dan ook om die studerende jeug in Suid-Afrika, Afrikaans- sowel as Engelsprekend, 'n leidraad te gee, nie alleen in handelskorrespondensie nie, maar ook om hulle woordeskat van handelsafrikaans uit te brei.

Ons maak van die geleentheid gebruik, om die Minister van Onderwys te bedank vir die verlof wat hy ons

verleen het, om gebruik te maak van eksamenvrae uit die verskillende handelseksamens, deur die Unie-Department van Onderwys opgestel.

Op- en aanmerkings van vriende en belangstellendes met die oog op aanvulling en verbetering by 'n ewentuele herdruk sal hartlik welkom wees.

DIE SKRYWERS.

Pretoria,

Januarie 1928.

VOORWOORD BY DIE TWEDE UITGAWE.

Ons dank kollegas en andere vir die welwillende ontvangs van die Eerste Uitgawe. Dat daar al so gou 'n tweede druk nodig geword het, is bewys dat daar wel behoefte bestaan aan 'n leidraad vir Handels-Afrikaans. Ons vertrou dat hierdie tweede verbeterde en uitgebreide uitgawe dieselfde gulle ontvangs te beurt sal val.

DIE SKRYWERS.

Pretoria,

Julie 1930.